

# Heilbron klop Koppies met 74 lopies



Heilbron het 221 lopies aangeteken en het Koppies uitgebou vir 147. Speler van die wedstryd is Kamaran met 76 lopies en boulsyfers 3 paaltjies vir 9 lopies van 4 boulbeurte. Die liga begin 12 Oktober 2019 en 4 T20 opwarmwedstryde sal ook gespeel word voor die liga begin.

## BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae:

07:30 tot 17:00

Vrydae: 07:30 tot 16:30

Saterdag: 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.



Eisstraat 44  
Heilbron  
Tel: 058 852 3033  
Faks: 058 853 0140  
heraldnuus@  
heilbron.co.za

# Tuinbouklub leer oor die snoei van bome

Wanneer vrugtebome gesnoei word, moet drie hooftakke behoue bly en die res van die takke skoon gesnoei word. Hou vrugtebome so twee meter in lengte, om die pluk van vrugte te vergemaklik. Snoeiseisoen is gewoonlik vanaf middel Julie tot einde Augustus. Vrugtebome het nie nodig om met Steriseal gesmeer te word, soos wat roosbome vereis nie. Kalkswael of Kumulus word gespruit na snoei van vrugtebome. Om die vrugteboom te beskerm teen vrugtevlies, moet "Fruit Flies" tydens die vorming van vrugte en 'n maand voor die pluk van vrugte gespruit word - verseker beter

vrugte. Die bekende "oom Sarel" perseboom is 'n goeie eet, inlê & heerlike variteit om in jou boord te hê. Kraalmis of varkmis is die gewildste bemesting vir vrugtebome anders, eerder 'n organiese kunsmismiddel as 'n chemiese kunsmismiddel. Organiese middels het baie meer voedingswaarde en benodig minder water as chemiese middels. Daar kan drie aspekte wees indien vrugtebome geel word: te min water, te veel water of 'n yster tekort in die grond. Appel, pruim en appelkoosbome word meestal net uitgedun en nie teruggesnoei nie. Daar is na snoei van roosbome ook gekyk. Rose moet in die vorm van

'n koppie gesnoei word - aan die binnekant heeltemal skoon en drie na vier ogies moet op die hooftak agterbly. Na snoeityd moet Steriseal aan punte van die gesnoeide takke gesmeer word om te voorkom dat boorders die tak binnedring.

Rose kan drie maal per jaar gesnoei word Julie of Augustus voor blomtyd, Oktober of

November na blomtyd en Februarie of Maart na die laaste blomtyd. 'n Goeie wenk vir ons Gold Crest konifere, wat Julie of Augustus besmet word met die luise, is om 'n halwe koppie Jeyes Fluid te meng met tien liter water en konifere daarmee te spuit. Jeyes Fluid beskerm die plant se wortels en kan ten minste vier keer 'n jaar gespruit word.

# Kleuterkasteel kuier by Dienssentrum



Dis is besig om 'n gewoonte te word vir die kinders van Kleuterkasteel om by Heilbron Dienssentrum te gaan kuier. Hulle word gereeld oorgenooi vir stories, rympies, liedjies, ietsie lekkers om te eet en 'n outydse speelding. Tannie Alberta en Magdaleen het vir die wouwaters 'n oulike rympie geleer. Dit is 'n voorreg vir die lede van die Dienssentrum om die kleuters elke keer te verwelkom.

Op die foto links is tannie Alberta Kühn en Magdaleen van Rensburg. Op die groepsfoto bo verskyn Dienssentrumlede saam met die Hondjies- en Olyfanklas van Kleuterkasteel.



Op die foto bo Georgina Weiss, Henda van Eeden, Bessie van Zyl, Mari Myburgh en Frikkie Venter (Spreeker).

# Leersame uitstappie na plaaslike tandarts



Kleuterkasteel was Donderdag 15 Augustus op 'n leersame uitstappie by die plaaslike tandarts, Dr Baan. Dokter Tandarts het die groep kleuters bederf met 'n inkleurprentjie van 'n tand en hulle eie tandeborsel. Na afloop van die uitstappie was meeste van die kleuters genees van hulle vrees vir die tandarts.